HOËVELD VETERAAN TREKKER EN ENJIN KLUB
HIGHVELD VINTAGE TRACTOR AND ENGINE CLUB

www.savtec.co.za

HVTEK BEGINNERSPAK
VIR NUWE LEDE/

HVTEC STARTER PACK
FOR NEW MEMBERS

Baie welkom as lid van die Hoëveld Veteraan Trekker en Enjin Klub (HVTEK)!
HVTEK verteenwoordig die streek wat strek van Mpumalanga, Limpopo, Gauteng en ’n gedeelte van die Noordwes provinsie. Ons is geaffilieer by Die Suid-Afrikaanse Federasie van veteraan trekker en enjin klubs (SAVTEK).

HVTEK is in Februarie 1992 op Ermelo gestig. Die eerste skou deelname was in Maart 1992 tydens die Ermelo Landbou en Wol skou.
Die eerste voorsitter was Roelf van Vuuren met Dick Kerslake wat ondervoorsitter was. Hannes Weilbach was die sekretaris.

In 1993 het Neels Swierstra met Mev. Etta Judson, die destydse Museum Direkteur, die samewerking met die Willem Prinsloo Landbou museum bevestig en sedertdien is dit die tuiste van ons Klub.

Verskillende aktiwiteite word vir lede aangebied soos enjindae, ploeg dae, die jaarlikse Plaasfees en die Mampoerfees. Ons word dikwels genooi om tydens skoue of ander byeenkomste deel te neem.
Die huidige **jaarbeplanning** sal vir jou ook gestuur word ⇦

Die Nasionale skou word elke twee jaar deur ’n lid klub aangebied. Enige klub lid mag toerusting daar uitstel maar om in te skryf vir nasionale beoordeling is dit ’n vereiste dat die toerusting gedurende ’n streeksklub byeenkoms beoordeel is en wenner potensiaal is.

Indien toerusting na ’n HVTEK byeenkoms gebring word, is dit belangrik dat dit ingeskryf word. Tydens die jaarliks Mampoerfees en Plaasfees kan toerusting ingeskryf word vir beoordeling. Omdat daar publieke deelname tydens hierde feeste is, word lede gevra om hulle toerusting teen 7H30 te hê en nie vroeër as 15H00 op te pak nie.

Veiligheid is ook baie belangrik en dit is noodsaaklik om ten alle tye veilig te handel. Daar is sekere riglyne wat opgestel is vir die lede tydens optredes:

1. Enjins word tydens skoue met publieke betrokkenheid aan die voor en agterkant met rooi gevaar band afgeskerm.
2. Slegs die operateur word binne hierdie veiligheid sone toegelaat.
3. Enjins mag nie nader as een meter van die gevaarband af wees nie.
4. Net persone met ’n geldige rybewys mag ’n trekker tydens ’n funksie of byeenkoms bestuur.
5. Geen passasiers word op trekkers toegelaat behalwe as daar ’n passasiers sitplek op die trekker is.
6. Waar persone hulle kinders graag wil leer bestuur, mag dit net in ’n veilige toegewysde area geskied.

HVTEK lede is deur SAVTEK se Versekeringspolis gedek. Dit is ’n publieke aanspreeklikheidspolis wat ’n SAVTEK-lid tot ’n maksimum van R31 000 000 teen ’n eis beskerm, mits die eis uit skade by **’n amptelike** SAVTEK-byeenkoms voortspruit. Die lid se eie versekering teen toerusting diefstal/ beskadiging moet steeds in plek wees.

Jy sal ’n **Naambalk** (word een keer per jaar laat maak en tydens die Jaar eindfunksie uitgedeel), **ledekaart** (met foto wat jy aan sekretaris moet stuur), en ’n **voertuig plakker** ontvang. Die nodige besonderhede moet jy asseblief met die sekretaris bespreek.

Tydens die groot byeenkomste dra ons, vir beter identifikasie doeleindes, ’n klub oorjas. Maak asseblief die nodige reëlings met die sekretaris.
Toegang tot die WPLM (Willem Prinsloo Landbou museum) perseel is gratis vir lede wat die plakker en ledekaart by die ingang vertoon.

Ons het verskillende metodes wat gebruik word om klub inligting te versprei
Hoofsaaklik word **e-pos** gebruik, maar ons het ook ’n **Whattsapp** groep en op Facebook kan jy gerus aansluit by die groep “**Hoeveld veterane**”. **Bulk SMS** gebruik ons om ’n kort herinnering aan lede te stuur vir die byeenkomste.
’n Nuusbrief word ook aan lede uitgestuur. Ek wil jou aanmoedig vir bydraes tot die nuusbrief-enige inligting oor jou toerusting restourasie, berigte van vervaardigers of enige ander storie wat vir ons lede interessant kan wees.
Jaarliks word daar ook ’n klub almanak gemaak. Dit kan teen die einde van die jaar bestel word. Tydens die eerste vergadering van die jaar word hulle uitgedeel.

Tydens die Jaar eindfunksie het ons die volgende wissel trofees wat uitgedeel word:
Enjin van die jaar en Trekker van die jaar- die wenner word deur die beoordeling bepaal
Klublid van die jaar - klublede nomineer die klublid van die jaar
Valvedrop- lede nomineer ’n lid wat iets snaaks/ dom aangevang het!
Chairman’s Choice
Ere lid- een lid per jaar mag genomineer word as ere lid
Blyk van waardering: Dit word aan lede gegee wat toerusting ingeskryf het by ten minste die jaarlikse plaasfees en ’n ander byeenkoms

Toerusting wat na ’n byeenkoms gebring word moet ingeskryf word. Die nodige vorms sal by die inligting tent beskikbaar wees.

Daar is verskeie inisiatiewe wat begin is:
<u>WPLM toerusting voog:</u> Lede mag voog wees van ’n museum trekker of enjin. Dit beteken hulle sorg dat die toerusting in ’n lopende toestand bly en dat dit tydens byeenkomste gebruik word. Instandhouding kostes word deur die komitee van WPLM verhaal. Vir meer inligting kontak asseblief die voorsitter
<u>Parte Stoor:</u> Die idee met die parte stoor is om ’n platvorm te bied waar lede parte kan aanbied om te verkoop en te koop!

Die Grondwet en Bywette is ook beskikbaar. Indien jy ’n kopie verlang, vra gerus die voorsitter

Laastens word u herinner dat die jaarlikse ledegelde so vroeg as moontlik in die jaar betaal moet word. Hierdie bydra help dat al die genoemde aktiwiteite deurgevoer kan word.

Ons hoop dat jy ’n tuiste in die klub sal vind en met jou, en mede lede se bydraes, die tyd in die Klub sal geniet.